

HOOFSTUK 5

ENKELE VEREISTES WAARAAN 'N OPVOEDKUNDIG VERANTWOORDBARE BEROEPSLEIDINGPROGRAM BEHOORT TE VOLDOEN

5.1 INLEIDING

Die skool se opvoedkundige leidingprogram en daarom ook die beroepsleidingprogram, is primêr 'n groepgebeure waar die onderwyservoorligter deur middel van formele onderrig aan die leerling beroepsleiding in groepverband gee. As deel van die totale skoolprogram moet beroepsleiding as opvoedende onderrig beskou word (Petrick, 1985:17). Derhalwe is dit nie slegs die aanleer om "dit" of "dat" met meer vaardigheid uit te voer nie, maar ook om begrip te verkry vir die menslike aard waarin die "lewensfeite" voortdurend belig word deur lewenskwaliteit (Oakschott, 1983:7).

Die skool se taak is onder meer om die kind tot selfverwerkliking ter voorbereiding vir sy toekomstige beroepsbeoefening, te steun. Volgens Basson (1979:47) rig 'n gesonde werkhouding die leerling tot selfkennis. Die skool se taak is onder andere om 'n geskoolde arbeidskorps te lewer wat aan die hoë eise van die moderne tegnologie moet kan voldoen (Alberts, 1990:9). Die Waltersverslag (DOK(AV), 1990: 40, 49 en 140-142) wys op die moontlikheid van hoofsaaklik twee studiebane, naamlik die -

- (1) Senior Sekondêre Akademiese Voorbereidende kursus waar die leerinhoud op 'n hoër vlak as die huidige hoërgraad skoolvakke sal verkeer en wat tot tersiêre studie lei; en
- (2) Senior Beroepsvoorbereidende kursus wat die leerling na gelang van nasionale behoeftes, tot verskillende studierigtings sal toelaat.

Albei die bane kan algemeenvormende inhoude hê.

Garbers (1990:8) is van mening dat bestaande opleidingsprogramme gerasionaliseer moet word deur die verskeidenheid vakke op primêre sowel as sekondêre skool te rasionaliseer, sonder om juis die gehalte en die aard van die leerling se blootstelling aan gewenste leerervarings te verminder. Terselfdertyd moet die wetenskaplik verantwoordbare beroepsleidingprogram beskik oor inhoude om die jeugdige deskundig te kan oriënteer tot beroepsvolwassenheid (Pretorius, 1991: 105-107).

Die vraag na die suksesvolheid van die beroepsleidingprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement is tegelykertyd 'n vraag na die kriteria vir die skool vanuit 'n beroepsleidingperspektief aangesien die feitelike situasie is dat beroepsleiding in klasverband aangebied word. Die grootste groep onderwysers beskou hulleself as verantwoordelik vir die akademiese vorming van die jeug, terwyl die onderwyservoorligter betrokke is by die beroepsleidingprogram (Basson, 1979:45).

5.2 PERSOONSPOTENSIALITEITE VAN DIE JEUGDIGE BINNE DIE BEROEPSLEIDINGSITUASIE

Die (oënskynlike) onvermoë en onwilligheid om tot 'n beroepskeuse te kan kom, kan aan 'n verskeidenheid faktore toegeskryf word, waaronder opvoeding, vermoëns, sosio-ekonomiese agtergrond, gesinsagtergrond en persoonlikheidskenmerke (Beukes, 1985:1-2; Shertzer, 1981: 221-222). Faktore soos geslag, gesinsinvloede en sosio-ekonomiese status kan bydra tot beroepskeuse(-on)sekerheid. Ander faktore is onder andere sielkundige probleme soos depressie en angs, sosiale leerervaringe asook persoonlike eienskappe soos selfidentiteit en kreatiwiteit (Downing en Dowd, 1988: 145).

Selfidentiteit vorm die basis van Marcia se beskouing oor beroepskeuse-onsekerheid. Marcia (1980:163) definieer identifikasie met 'n beroep as interne, selfgekonstrueerde, dinamiese ordening van dryfvere, vermoëns, geloofsoortuigings en eie historisiteit. Volgens die teorie van Marcia (1980:170 e.v.) word vier identiteits-"kategorieë" by die adolessent met beroepskeuse-onsekerheid onderskei:

- (1) Identiteitsbereiking waar selfgekoose beroep en ideologiese doelstelling nagestreef word nadat 'n besluitnemingsperiode ervaar is.
- (2) Uitsluiting waar hy hom as't ware gelate toevertrou aan die beroepskeuse en ideologie van sy ouers se keuse vir hom, sonder om dit te bevraagteken.
- (3) "Identiteitsvermenging" by diegene wat nie bepaalde beroepsdoelstellings gestel het nie en ongemotiveerd is om enige na te streef.
- (4) "Moratorium" of beroepskeuse-uitstel by diegene wat tegelyk in 'n identiteitskrisis verkeer en die keuseproses deurmaak.

Volgens hierdie teorie blyk dit dat die meeste mans by die "identiteitsvermenging" en "uitsluitings"-kategorieë begin en beweeg dan na die "identiteitsbereiking" teen die ouderdom van ongeveer 21 jaar. Dit kom voor asof by die dames die kategorieë nie so duidelik waarneembaar is nie, maar die ouderdom waarop beroepsbesluitneming plaasvind dieselfde is as by die mans.

Diegene in die "identiteitsvermenging"-kategorie se selfidentiteit is onderontwikkel. Hulle gee dikwels voor dat hulle deur die gesin verwerp word en daarom staan hulle verwyderd van hul ouers. Diegene in die "moratorium"-kategorie benodig volgens Marcia, emosionele ondersteuning en

moet begelei word om goeie keuses te kan maak, eie doelwitte daar te stel en waardes te vorm (vgl. Downing & Dowd, 1988:150-152).

5.2.1 Die verband: liggaamlikheid en beroepskeusemoontlikhede

Soos reeds uit die bespreking vroeër blyk, is die mens 'n ondeelbare entiteit - 'n liggaam-gees-totaliteit (Freed, 1977:2), in sy arbeid, sy beroepskeuse en sy beroepsbeoefening betrokke (Labuschagne, 1987:25-26).

Binne die beroepsleidingsituasie moet die individuele leerling bekend gestel word aan opvoedkundige- en beroepsinligting waaruit hy bepaalde keuses moet maak. Realistiese en verantwoordbare keuses is nie moontlik as die leerling nie oor die nodige inligting beskik nie. Daarom moet daarna gestreef word om die jeugdige te laat inpas op daardie vlak waar hy die gelukkigste sal wees (Fourie, 1974:63-64).

5.2.1.1 Liggaamsbelewing

Elke individu het 'n unieke liggaamlikheid met outentieke gedifferensieerde liggaamsmoontlikhede (Freed, 1974:2). Omdat die beroepslewe gedifferensieerde liggaamsvereistes stel, moet daar in die beroepsleidingsituasie nie net rekening gehou word met die individuele jeugdige se liggaamsgesteldheid en sy liggaamsbelewing nie (Labuschagne, 1987:28), maar ook met sy liggaamlike potensiaal.

5.2.1.2 Geslagtelikheid

Geslagtelikheid speel 'n rol in die wyse waarop die manlike en vroulike jeugdige onderskeidelik sy/haar keuse uitoefen. Downing & Dowd (1988:146) verwys na 'n ondersoek deur Burroughs et al., (1985) wat bevind het dat die vroulike jeugdige wat meer stereotiepe stand-

punte huldig, die meer tradisionele damesberoepe gekies het. Hierdie bevinding ondersteun soortgelyke ondersoeke wat bevestig dat die dogter meer gesinsgeoriënteerd is in vergelyking met die seun wat meer beroepsgeoriënteerd is tydens die kies van 'n beroep. Fitzgerald en Crites (1980) het bevind dat die dame unieke beroepskeuseprobleme ervaar (vgl. ook Marais en Havenga (1988) asook Culley (1988) se bevinding hieronder), naamlik:

- (1) Geslagsrol stereotipering oor waartoe hulle in staat is al dan nie, skep verwagtings wat hulle aspirasies beperk (vgl. ook Van der Westhuizen en Hillebrand, 1990:269).
- (2) Vrees tot sukses is telkens by die vrou teenwoordig omdat dit haar kans op 'n huwelik beperk en haar in konflik plaas met haar geïnternaliseerde waardesisteem (vgl. ook Van der Westhuizen en Hillebrand, 1990:270).
- (3) Hulp tot voorbereiding vir beroepstoetreding is soms van kritieke belang, veral waar sy sou kies om in 'n tradisioneel oorheersend manlike beroep te staan.

Culley (1988:73) vind in haar studie dat, niesteenstaande die feit dat die meeste sekondêre skole van die Britse Departement van Onderwys en Wetenskap (1985) kursusse in rekenaarstudies en in mikro elektronika vir eksamendoel-eindes aangebied het, aansienlik minder dogters as seuns die genoemde vakke op skool gekies het. Culley (1988:78-81) het ook bevind dat die beroepsaspirasies by seuns 'n baie wyer spektrum van beroepe dek as dogters, terwyl dogters meer stereotipies in hul beroepsaspirasies is. Sy wys daarop dat die onderwysers van mening is dat buite-organisasies, oerlike invloede, portuurgroepdruk, die media en advertensies hul beroepskeuse beïnvloed.

Marais en Havenga (1988:112-115) sluit hierby aan en wys daarop dat hoewel vroue oor die potensiaal en vermoë beskik om nie net die man by te staan nie, maar ook met hom in die arbeidsveld kan kompeteer, die adolessente meisie ernstige beroepskeuseprobleme ervaar. Dikwels word haar gedrag, prestasies en beroepsaspirasies beperk deur tradisionele waardes en geslagsrolverwagtings.

5.2.2 Die verband: verstandelikheid en beroepskeusemoontlikhede

Baird (Downing & Dowd, 1988:146) het in 'n komprehensiewe ondersoek waarby 50 000 jeugdiges betrek is, bevind dat daar geen verskil bestaan tussen die vermoë en prestasie van beroepskeuseseker en beroepskeuse-onseker jeugdiges nie. Dit blyk dat die onseker jeugdige 'n groot verskeidenheid wyses openbaar waarop hulle hul verstandelike vermoëns wil ontwikkel om beroepskeusesekerheid te verkry.

Soos liggaamlikheid (reeds bespreek in par. 4.7.3) staan ook die verstandelikheid, nie los van ander persoonskenmerke nie en moet verstandelikheid as 'n sinsamehangende totaliteit gesien word beroepskeusemoontlikheid open of beperk (Freed, 1977:3). Dit is wel onderskeibaar, maar nie skeibaar nie (Joubert, 1975(a):55). Die verstandelikheid is 'n aanduiding van die kwaliteit van die mens se gerigtheid tot die wêreld (Roberts & Dolan, 1989:20). Van Rensburg (1983:128) sowel as Joubert (1975(a):55) sien verstandelikheid of intelligensie as 'n totaal faktor in die mens se persoonskenmerke en daarom moet verstandelikheid gesien word as die wyse waarop 'n persoon sekere doelwitte opstel en middele beplan om daardie doelwitte te bereik. Op hierdie wyse raak hy bewus van sy self en sy leefwêreld. Sy psigiese bewussyn maak dit vir die mens moontlik om kognitief, affektief en konatief verhoudings te stig met sy self en sy leef- en leerwêreld wat noodsaaklik is vir die jeugdige se volwassewording. Die kind

moet op 'n realistiese wyse betekenis gee aan sy verstandelike eienskappe en die implikasies daarvan op sy beroepskeuse en -beroepsvlak besef (Van den Bergh, 1987: 44).

5.2.3 Die verband: sosialiteit en beroepsmoontlikhede

Die gee van advies is nie die ware doel van beroepsleiding nie. Die individuele leerling moet eerder voorgelig word om 'n situasie self te beheer, om vir homself 'n intelligente en realistiese beroepskeuse te maak (Hutson, 1968:124). In beroepsleiding moet gepoog word om die jeugdige binne die sosiale groep effektief toe te rus om, in die huidige ingewikkelde lewenstrukture vir homself 'n bevredigende leefwyse te kan verseker (Roberts & Dolan, 1989:25) en dat hy sosiaal effektief sal wees. Sosialiteit is die vermoë waaroor die individu beskik om sonder onnodige wrywing met mense te kan saamwerk (Smit, 1980: 15). Voorts is dit ook die vermoë om ander te verstaan en in 'n verskeidenheid situasies eties korrek en sosiaal aanvaarbaar teenoor ander op te tree.

Die probleme waarmee die individu op alle lewensterreine gekonfronteer word, lei tot selfontdekking. Die lewensideale wat hy koester en sy lewensbehoeftes dwing hom om effektiewe metodes te vind ten einde aan te pas in die persoonlik-sosiale situasie van die gemeenskap waarin hy hom bevind. Hierdie situasies is byvoorbeeld die gesin, die skool, die kerk, die portuurgroep en die werkgemeenskap (vgl. Smit, 1980:6). As lid van die bepaalde organisasie of gemeenskap sal hy die stempel van die betrokke gemeenskap dra (Fourie, 1974:69-74). Binne die beroepsleidingsituasie moet die jeugdige bygestaan word om 'n beroepskeuse te doen wanneer hy voor die keuse gestel word (Shertzer, 1981:222-224).

5.2.3.1 Sosiale gedragspotensialiteite

Die bespreking van hierdie paragraaf moet in samehang met par 4.7.3.2 en par. 5.2.1.2 gesien word.

Marais en Havenga (1989:115-116) het in hul ondersoek gevind dat die geesteswetenskaplike aanleg by dogters versterk en ontwikkel word deur die sosialiseringproses wat die rol van versorging, diens en vroulikheid aan meisies voorhou as die ideaal (vgl. ook Culley 1988:73). Dit hou verband met die speelgoed wat kinders ontvang. Waar die seun speelgoed kry wat met wiskunde, rekenaars en tegniese beginsels verband hou, kry die dogter gewoonlik poppe, teestelle en so meer. (Vgl. Hativa, 1989:17-18). Marais en Havenga (1989:116) kom tot die gevolgtrekking dat, weens ontoereikende beroepsvoorligting met betrekking tot aanleg en beroepskeusemoontlikhede, dogters onsekerheid beleef en dat baie se aanleg, studierigting en gevolglik ook hulle beroepskeuse nie korreleer nie. Baie dogters kies derhalwe 'n beroep geskoei op tradisionele vroulike gedragsverwagtings.

5.2.3.2 Medemenslike verhoudingspotensialiteite

Sekere sielkundige probleme blyk beduidend by te dra tot beroepskeuse-onsekerheid. Downing en Dowd (1988:147) verwys na studies deur Gottfredson (1981) en Weinrach (1984) wat beweer dat depressie 'n groot invloed uitoefen op beroepskeuse-onsekerheid, terwyl Medonca en Siess (1976) gevind het dat angstigheid teenwoordig was by beroepskeuse-onseker kollegestudente (Downing en Dowd, 1988:147).

Joubert (1975(a):56) huldig die standpunt dat beroepskeuse en -beoefening vir sowel die individu as die gemeenskap waarbinne hy werk, van belang is. In die

arbeid is sinvervulling slegs deur dienslewering moontlik. Vir die realisering van sy sosialiseringfunksie, moet die jeugdige onder andere besin oor sy medemenslikheidstoerusting, spesifiek sy gevoelslewe, sy kommunikasievaardighede en -geskikthede. In die beroepsleiding-situasie moet die jeugdige begelei word om medemenslikheid en medeverantwoordelikheid te aanvaar, want in die beroepslewe moet hy dit ook in sy arbeid betoon (vgl. 1 Kor. 13). In hierdie verband moet hy 'n verantwoordbare beroepskeuse maak (Van Rensburg, 1983:130-131).

Die beroepskeuse is vir die kind betekenisvol omdat dit medebepalend is vir die realisering van sy beroepsbestemming en omdat dit die behoeftes en nood van die samelewing moet verreken (Beukes, 1974:17). Die jeugdige moet beseef dat dit by beroepskeuse nie net gaan oor wat vir hom voordelig is nie, maar ook oor watter bydrae hy tot die welsyn van sy medemens en die samelewing waarbinne hy homself bevind kan lewer (Petrick, 1985:53-54).

Volgens Joubert (1987:418) word elke mens in sy beroepskeuse gekonfronteer met die sosiale eise wat die beroep stel. Juis daarom is begrip vir sy eie sosiale geskiktheid 'n voorwaarde vir 'n sosiaal-verantwoordbare beroepskeuse. Sosiale probleme in die beroepslewe kan grootliks voorkom word indien daar in die beroepsleiding en -keuse rekening gehou word met faktore soos die grondtrekke van gedrag, kommunikasiegeskiktheid, gesonde verstand, eie effektiwiteit en medemenslike verhoudings (Van Rensburg, 1983:131). Dit is daarom nodig om in die beroepsverkenning ten aansien van elk van hierdie faktore 'n sosiale beeld in samehang met die beroepseise, te verkry (Petrick, 1985:53).

5.2.4 Die verband: geestelikheid en beroepskeusemoontlikhede

Soos reeds uit die bespreking blyk, moet in die beroepsleidingsituasie die rol wat die geestelike lewe van die kind speel, deurentyd in die oog gehou word. Die geestesdimensie stel die jeugdige in staat om bewus te wees van die eie self en die eie leefwêreld (Arnold & Bye, 1989: 201; Van Zyl, 1968:18; Van den Bergh, 1987:44). Die jeugdige moet geleer word om op 'n realistiese wyse sin en betekenis aan sy geesteseienskappe te gee ten einde te weet watter eienskappe vir homself en sy beroepskeuse belangrik is (Van den Bergh, 1987:44). So word hy in staat gestel om 'n eie verwysingsraamwerk daar te stel (Van Rensburg, 1983:132; Joubert, 1987:418-419). Eers as die jeugdige bewus word van sy eie beperkinge word die beroepskeuse beleef as 'n persoonlike voorreg en unieke geleentheid om uiteindelik self die keuse te doen en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar (Petrick, 1985: 41; Van Zyl, 1968:18).

5.3 INTENSIONALITEIT

Volgens Krumboltz & Thoresen (1976:4-11) is beroepskeuseonsekerheid die gevolg van -

- (1) gebrekkige positiewe versterking vir beroepskeuse;
- (2) gebrekkige voorlewing deur beroepsbeoefenaars of bepaalde gedragswyses wat 'n beroepskeuse-moment kan vertraag;
- (3) aftakeling van 'n professie;
- (4) negatiewe persepsies oor 'n bepaalde beroepsveld wat kan verhoed dat dit nagevors word; en

- (5) 'n gebrek aan fondse of inligting om 'n bepaalde beroep te kies.

Volgens Downing en Dowd (1988:149) mag die belangrikheid van noukeurige beroepsinligting met die oog op 'n beroepskeuse, nie bevraagteken word nie.

Intensionaliteit dui op die sinvolle betekenisgewing aan 'n eie beroepstoekoms en word medebepaal deur te streef na bepaalde waardes, die internalisering van hierdie waardes en die sinvolle realisering daarvan (Breackell, 1991:38-39). Volgens Labuschagne (1987:26) verhelder sinverwerkliking die toekomspektief en maak dit besluitvaardigheid en handelingsbereidwilligheid moontlik.

In die beroepsleidingsituasie gaan dit dan om intensionaliteit as sin- en betekenisgewing van die beroepsleiding, dit wil sê die beroepskeuse en die beroepsrealisering as 'n wyse om diens te lewer. Die jeugdige moet intensioneel gerig wees op taakaanvaarding en -verrigting binne sy eie unieke persoonsmoontlikhede (Steyn, 1989:376). Dit is alleen moontlik as hy streef na die verwerwing van 'n besondere arbeidsgesindheid en na beroepsbeoefening wat inpas by sy persoonsmoontlikhede omdat hy juis die sinvolheid van arbeid as sinvolle en hanteerbare opgawe leer ken het (Swanepoel, 1977:208; vgl. ook Frase, 1989:53).

Beroepsleiding impliseer dat 'n bepaalde innerlike standpunt by die jeugdige gewek word. Hy neem hierdie standpunt aan. Hy maak dit sy eie in sy gerigtheid of intensionaliteit tot 'n bepaalde volwassenheidsbeeld wat behoort te lei tot die integrasie van die persoonsbeeld en die beroepsbeeld. Dit vereis hulp en steun aan die jeugdige sodat sy positiewe persoonskomponente tot uiting kan kom (Steyn, 1989:383). Hy moet ook gesteun word in die ontwerp van 'n eie toekomstige beroepsbeeld op grond van sy insig in sy

eie beroepsmoontlikhede maar hy moet terselfdertyd ook rekening hou met die eise van hierdie werklikheid (Van Rensburg, 1983:110-111).

5.4 ENKELE KOMPONENTE VAN DIE BEROEPSLEIDINGSPROGRAM

Die kind moet toegerus word om uit die breë spektrum van beroepe uiteindelik 'n beroepskeuse te kies wat die beste by hom pas en waarin hy homself kan verwesenlik.

Van die onderwyservoorligter word verwag om sy kennis van beroepe voortdurend uit te brei en ook bewus te wees van bestaande en nuwe tendense in die arbeidsmark (Shertzer, 1981:221-241).

Aangesien beroepsleiding 'n onderwysaangeleentheid is, moet daar voorsiening gemaak word vir die beginsel van gedifferensieerde onderwys in sy volle konsekwensie - binne-, buite- en in naskoolse verband (Vgl. Liebetrau, 1987(a):4). Voorts moet gelet word op die vormingswaarde van bepaalde leerinhoud met die oog op selfrealisering in 'n toekomstige beroepskeuse en beroepslewe. Aandag moet ook geskenk word aan die verband tussen vakinhoud en die samestelling van bepaalde skoolvakke, beroepskeuse en latere beroepsbeoefening.

5.4.1 Selfbeeldontdekking

Binne die beroepsleidingsituasie is dit nodig om elke jeugdige tot 'n verantwoordbare beroepskeuse en optimale selfrealisering in die latere beroepslewe te lei. In die jeugdige se selfbeeldontdekking moet hy kom tot insig en perspektief met betrekking tot eie persoonsgeskikthede en selfrealiseringsgeleenthede (Labuschagne, 1987:31 en 38). Om tot selfbeeldontdekking te kan kom, moet persoonlike waardes en belangstellings verhelder word (Ball, 1984:26-27 en 82).

5.4.2 Identiteitsverwerwing

Aan die hand van bepaalde verkenningmedia word die kind gelei tot selfverkenning om self ook kennis te verwerf wat tot selfidentiteit kan lei (Petrick, 1985:51).

Reeds van kleins af identifiseer die kind met een of ander beroepsbeoefening. Die kleiner kind beleef dit as 'n gevoelsmatige verhouding tussen hom en die betrokke volwasse beroepsbekleër, byvoorbeeld die ouers se beroepe. Hy beleef geborgenheid in die hunkering na sodanige beroep wat ook 'n sekere waaghouding openbaar. Wanneer hierdie gevoelsmatige beleving positief ervaar word, toon die jeugdige se toekomsgerigtheid 'n openheid. Die gemeenskap en daarom ook die skool se beroepsleidingprogram, moet aan die leerling die geleentheid gun om sy unieke moontlikhede te ontwikkel (Kruger, 1980:44).

Sy beleving van affektiewe geborgenheid leer die jeugdige om met die nodige vertroue te waag met inagneming van sy persoonsmoontlikhede en sy toekomstigheid (Swanepoel, 1977:198-203). Dit is nodig dat die onderwyservoorligter die kind in sy leëwêreld moet ken en begryp. Van Zyl (1968:16-17) stel dit dat die jeugdige met 'n versteurde lewensverhouding dikwels ook 'n versteurde beroepsbeeld het. So kan die leergeremde jeugdige 'n gebrekkige toekomspektief en 'n versteurde beroepsbeeld hê as gevolg van pedagogiese deprivasie (Kok, 1975:39).

5.4.3 Toereikende selfkennis

'n Verantwoordbare vak-, skool- en beroepskeuse vereis toereikende selfkennis. Beukes (1974:72) het in sy studie bevind dat 29,9% leerlinge in standaard sewe nie oor toereikende selfkennis beskik nie.

Binne die beroepsleidingsituasie moet die onderwyservoorligter die kind lei of oriënteer tot kennis met betrekking tot eie persoonsmoontlikhede (Labuschagne, 1987:39-40).

Die mate van selfkennis waaroor 'n mens beskik, is sigbaar in die sekerheid en korrektheid van sekere handelingswyses wat die mens in ooreenstemming met sy verstandelike en geestelike vermoëns uitvoer (Garbers, 1961: 54-55).

Super (1957:196) wys daarop dat beroepskeuse in 'n sekere sin deur die selfbeeld weerspieël word deur vrae soos onder meer "Wie dink ek is ek?", "Watter soort persoon sou ek graag wou wees?" en "Wat is my belangstellings?".

In die beroepsleidingprogram en in die skool behoort die kind onder andere sy eie waarde, sy moontlikhede, maar ook sy beperkinge te kan ontdek. In hierdie verband is die skool die plek waar die individu gelei kan word tot toereikende selfkennis, aangesien die jeugdige hom spieël en leer ken in die lig van sy skolastiese en ander prestasies (Van Rensburg, 1983:108).

5.4.4 Realistiese selfbegrip

Om tot 'n realistiese selfbegrip en tot selfinsig te kan kom, moet die jeugdige in die sekondêre skoolfasies gehelp word om:

- * homself te verstaan en te aanvaar soos hy is;
- * verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar;
- * die wêreld van werk/arbeid te verken;
- * sy eie probleme realisties in te sien;
- * gesonde menseverhoudinge te bou en dit uit te leef; en
- * vaste waardes en hoë ideale na te streef (Van der Walt, 1979:6).

Sou die jeugdige nie beskik oor 'n realistiese selfbegrip nie, kan dit sy soeke na en keuse van 'n bepaalde beroep bemoeilik deurdat hy homself oor- of onderskat. Word 'n bepaalde leefwyse bevorder waarin die jeugdige vastigheid verkry, kan 'n meer realistiese selfbeeld ontwikkel wat lei tot realistiese selfbegrip (Steenhuizen, 1970:81).

5.4.5 Selfaanvaarding

In Beukes (1974:72) se ondersoek toon hy aan dat 11,5% standaard sewe leerlinge nie hul beperkinge aanvaar nie, terwyl Marais (1982:124-125) daarop wys dat die kind wat homself byvoorbeeld as ongewens, lelik, dom en stout beleef, 'n gevangene van sy eie negatiewe en swak selfbeeld is. 'n Positiewe selfbeeld en selfaanvaarding is 'n noodsaaklikheid vir 'n suksesvolle (beroeps)-lewe.

5.4.6 Loopbaanverkenning

Loopbaanverkenning dui op die opdoen van kennis oor 'n bepaalde beroepsloopbaan en noukeurige kennisversameling oor die kwantiteit en kwaliteit daarvan (Labuschagne, 1987:31).

Ten einde 'n helder beroepstoekomspektief by die kind te laat ontvou en om hom in staat te stel om 'n verantwoordbare keuse te maak, is dit nodig dat die onderwyser-voorligter die jeugdige deur middel van hulp en ondersteuning daartoe motiveer.

Volgens die Waltersverslag (DOK(AV), 1990:19-21) verwys loopbaanonderwys na alle skoolvakke. Gebrek aan vroeë oriëntering ten opsigte van tegnies-tegnologiese beroepsrigtings en die verkenning van die moontlikhede in hierdie verband, is een van die aanwysbare tekorte in die huidige skoolkurrikulum. Dit veronderstel dat die jeug-

dige se loopbaanverkenning nie 'n werkwyse is waarop hy op eie inisiatief die beroepswerklikheid moet verken nie (Beukes, 1974:54).

Deur raadgewende en inliggende gesprekke word die beroepswerklikheid in 'n mate vir die jeugdige ontsluit sodat hy self kan oorgaan tot sinvolle ontginning van beroepsinhoud (Shertzer, 1981:232-233; Labuschagne, 1987:58-59). Loopbaanverkenning stel die jeugdige in staat om meer inligting te bekom oor die eise wat elke beroep aan die beroepsbeoefenaar stel, maar ook self sy beroepstoekoms tegemoet te gaan. Die eie unieke selfdifferensieerbare beroepskeuse van elke jeugdige, bepaal die inhoud en omvang van sy loopbaanstudie. Dit kan onder meer op die volgende wyses binne die ideale verantwoordbare loopbaanoriënteringsprogram in die skool gedoen word:

- (1) Aan die hand van tydskrifte, brosjures, pamflette en ander inligtingstukke waarin besonderhede oor beroepe verskyn.
- (2) Besoeke aan werksplekke en opleidingsentra, individueel of in groepverband.
- (3) Oudiovisuele hulpmiddele, soos byvoorbeeld films, videobande, klankkassetopnames en kleurskyfiereekse verbreed die jeugdige se beroepskennis - veral as hy nie die geleentheid het om instansies self te besoek nie.
- (4) Gerekenariseerde beroeps- en loopbaaninligting wat by bepaalde sentra soos byvoorbeeld onderwys hulpsentrums, biblioteke, ens. beskikbaar is.
- (5) Deeltydse/vakansiewerk in die beoogde beroepsrigting waar belewings- en ervaringsmoontlikhede asook beroepskennis uitgebou word (Steyn, 1989:377-378; ook Breackell, 1991:37).

- (6) Die skep van gespreksgeleenthede met werkgewers, opleidingsentra, verteenwoordigers of bepaalde beroepsbeoefenaars vir leerlinge wat in die besondere beroep(e) belangstel.
- (7) Besoeke aan loopbaanuitstallings waar die leerling die geleentheid kry om met verteenwoordigers van werkgewer-organisasies en -instansies, opleidingsinstansies of beroepsbeoefenaars te kan gesels.
- (8) Intensiewe beroepstudie in 'n relevante beroepsveld. (Beukes, 1974:54-55; Labuschagne, 1987:59; Ball, 1984:27).

5.4.7 Beroepsinligting

Om toegang te hê tot relevante en opgedateerde beroepsinligting is essensieel in die beroepskeuseproses. Die inligting moet tot die beskikking van elke jeugdige wees. Dit kom voor in 'n verskeidenheid bronne en neem verskillende vorme aan soos byvoorbeeld arbeidsmarkdata, beroepsdata, inligting oor lewenstyl, en so meer. Dit is wenslik dat dit op verskillende vlakke gedifferensieerd voorsiening maak vir leerlinge in die onderskeie skoolfasies ten einde verantwoordbaar te kan wees.

In 'n ondersoek na die plek wat beroepsinligting inneem in die beroepskeuseproses, het Hayes (1971) (Ball, 1984:-78-80) 8 beroepsinligtingskategorieë onderskei, naamlik:

- (1) toelatingsvereistes en beroepsaanvraag;
- (2) inhoud en aard van die werk;
- (3) die administratiewe sy van die werk;
- (4) die sosiale sy van die werk;
- (5) fisiese werksomgewing;
- (6) relevante inligting met betrekking tot die langtermynaspekte van die beroep;

- (7) die organisatoriese en beroepsbeeld; en
- (8) implikasies met betrekking tot die globale leefwyse.

Hayes het gevind dat die jong werkende mens vóór beroeps-toetrede, die vraag na en die aard van die werk as die belangrikste ekonomiese aspekte van die beroep beskou. Ná verloop van tyd en met die nodige werkervaring, neem die psigo-sosiale aspekte skerp toe in belangrikheid en het die vraag na en die aard van die werk in belangrikheid afgeneem (Ball, 1984:80).

Pryor (1987:313-315) wys daarop dat in Nieu-Suid Wallis, Australië die "Department of Industrial Relations and Employment" na aanleiding van die werk van Pryor (1971), Sweet (1974); en Srebalus et al., (1982) vasgestel het dat die jeugdige op die platteland, naas die gewone ontwikkelingsprobleme, ook nog voor ander probleme te staan kom, naamlik:

- (1) Beperkte blootstelling aan die arbeidswêreld op die platteland as gevolg van die beperkte verskeidenheid van beroepe op die platteland en die beperkte beskikbaarheid van media.
- (2) Seldsame toegang tot beroepsonderwys en beroepsvoortligtingsdienste.
- (3) Gebrekkige kennis of ervaring van tersiêre inrigtings.
- (4) Beperkte sosiale verkeer.
- (5) Min geleenthede tot deelname aan 'n wye reeks ontspanningsfasiliteite.

Ten einde te kompenseer vir die probleme van die plattelandse jeugdige, is die "Career Exploration and Recreation Programme" (CERP) ontwerp waartydens plattelandse

jeug, na Sydney gestuur word. Dit is 'n weeklange program met beroeps-, ontspannings-, en sosiale aktiwiteite op 'n geïntegreerde basis aangebied. Jeugdiges kry dan die geleentheid om, aanvullend hiertoe, ook werkplekke te besoek, beroepe te bespreek, voorligting te ontvang en so meer.

Pryor (1987: 316 e.v.) wys voorts daarop dat onderwysers in hul terugrapportering meld dat die jeugdige na afloop van bovermelde program oor groter realisme en kennis met betrekking tot beroepe en beroepsaspirasies beskik, asook oor groter selfkennis en -begrip. Dit vorm die basis vir groter begrip en waardering vir opleiding asook die eise wat die arbeidsmark stel. Dit lei daartoe dat hierdie jeugdige uiteindelik 'n meer doelgerigte beroepskeuse uitoefen.

In Suid-Afrika word 'n wye verskeidenheid beroepsinligting gepubliseer deur onder andere die Departement van Mannekrag, die Kommissie vir Administrasie, groot werkgewers, maar ook deur tersiêre inrigtings met die oog op werwing van werknemers en studente, terwyl individue deur middel van publikasies ook beroepsinligting versprei (Beukes, 1985:23).


In die praktyk wil dit egter voorkom asof die skoolgaande jeugdige nie vertrou is met die arbeidslewe nie en dit noodsaak dat hy deur middel van 'n loopbaanoriënteringsprogram daartoe georiënteer of daaraan blootgestel moet word (vgl. Anon, 1989:46). Beroepsoriëntering en ook loopbaanoriëntering is meer as net die oordra van beroeps-kennis en verg inderdaad handeling (vgl. Steenhuizen, 1970:26). Die aard en die mate van gedetailleerde inligting hang af van die beroepsleidingsituasie en die spesifieke jeugdige betrokke daarby. Soos reeds aangetoon, speel keuserypheid en die maatskaplike georiënteerdheid van die jeugdige 'n rol by sy beroepskeuse.

Beroepsinligting kan nie na willekeur aangewend word ten aansien van 'n beroepskeuse nie (Fraser, 1989:52). Individuele waardebeepaling deur sowel die jeugdige as die onderwyservoorligter moet alle beroepsvoorligting voorafgaan. Die beroepsinligting moet by die ouderdom en ontwikkelingspeil van die jeugdige aanpas (Hativa, 1989:11; 16-19) en behoort te voorsien in die jeugdige se behoefte aan die koppeling van lewens- en sosiale vaardighede met loopbaanonderwys (Pilcher *et al.*, 1989:65).

Genoegsame inligting moet in gedrukte vorm beskikbaar wees sodat die jeugdige in die beroepsbiblioteek pertinente feite van spesifieke beroepe, asook die breë dekking van moontlike beroepe na aanleiding van die individuele waardebeepaling kan bekom (Pilcher *et al.*, 1989:66). Die beroepsinligting moet voorts objektief aangebied word sodat dit betekenisvol vir die jeugdige kan wees (Liebetrau, 1987(a): 4-5; Mortenson & Schmuller, 1976: 468).

De Lange en Schutte (1986:6) stel die verkryging van beroepsinligting skematies soos volg voor:

ONDERSTEUN DEUR INLIGTING EN VISUELE MATERIAAL



5.4.8 Beroepstudie en loopbaanbeplanning

Die jeugdige moet deur die opvoedkundige program voorberei word om aan te pas by onder andere veranderende arbeidsomstandighede (Mortenson & Schmuller, 1976:477). Hy moet nie net beskik oor buigsaamheid en veeldoeligheid nie, maar ook oor kreatiwiteit en leierskap om veranderinge te kan hanteer (Slabbert, 1984:7). Soos dit reeds duidelik blyk, moet die jeugdige insig kan toon in die sinsamehang van verskeie aspekte ten aansien van sy beroepstudie en loopbaanbeplanning. Beukes (1974: 73-75) het aangetoon dat jeugdige wat wel 'n verantwoordbare vakkeuse in standerd sewe uitgeoefen het, nie beroepskeuse as 'n samehang tussen die individu se moontlikhede en sy beroepskeuse begryp het nie. In aansluiting hierby het Culley (1988:74) bevind dat loopbaanaspirasies by die seun totaal verskil van dié van die dogter. Seuns het 'n wyer spektrum van beroepe oorweeg, terwyl dogters eerder "werk met kinders" verkies het. Dit hou bepaalde implikasies in vir die loopbaanoriënteringsprogram wat die onderwyservoorligter in sy loopbaanoriënteringspraktyk nie uit die oog moet verloor nie.

5.4.9 Beroepskennis

Gebrekkige beroepskennis gee aanleiding tot gebrekkige en heel dikwels verkeerde beroepskeuses. Sou die beroepskeuse beskou word as 'n passing van die mens se geaardheid met die aard van die werk, dan is besluitneming die koppeling van hoe hy die beroep oordeel (Steenhuizen, 1970: 29). So kan 'n bepaalde beroep beoordeel word op grond van -

- * die dag-tot-dag aktiwiteite binne die beroep;
- * die werksomstandighede;
- * belonings gekoppel aan die beroep;
- * omgewing waarbinne die beroep beoefen word;

- * behoeftebevredigingsmoontlikhede; en
- * lewenskwaliteite verkrygbaar met die bepaalde beroeps-beoefening (Lindhard, 1989:26-27; Van Rensburg, 1983:109).

Dit blyk dat werkgewers goeie en positiewe gesindhede stel as primêre vereiste vir die suksesvolle werknemer. Voorts wys die Waltersverslag (DOK(AV), 1990:48) daarop dat skole 'n hoër prioriteit behoort te verleen aan geletterdheids- en getalvaardighede, asook op die ontwikkeling van trots en selfdisipline by die leerling om so-doende aan te pas by snelle tegnologiese ontwikkeling. Dit behels dat beroepskennis ook kennis van beroepsvaardighede moet insluit (vgl. ook Nasser, 1990:20).

5.4.10 Persoonsbeeld

Kierkgaard (Steenhuizen, 1970:76-78) stel dit dat wanneer 'n persoon 'n keuse uitoefen, is dit 'n persoonlike besitting waarin sy identiteit en persoonlikheid dit bevestig en versterk (Vgl. Sprague & Bies, 1988:19-20 en ook Breackell, 1991:38-39). By die beroepskeuse tree tipiese menslike verskynsels soos onsekerheid, frustrasie, teleurstelling, persoonlike inset, verantwoordelikheid en so meer na vore, wat deel van die mens se persoonsbeeld vorm.

5.4.11 Beroepsbeeld

Die huis en skool, maar ook vriende en familie vervul elk op sy terrein 'n spesifieke funksie in die vorming van 'n beroepsbeeld by die kind (Arnold et al., 1988:86-89). Die voorskoolse kind begin met die vorming van 'n beroepsbeeld wanneer hy hom identifiseer met die bepaalde beroep wat sy ouer(s) beoefen. Omdat die ouer(s) as identifikasiefiguur(e) norme en waardes wat aan die beroepswêreld gekoppel is uitdra, ontwikkel die vae beroepsbeeld algaande tot 'n meer realistiese beeld

waar die kind begin besef dat volwassenheid die verantwoordelikheid meebring wat met beroepsbeoefening gepaard gaan (Van Zyl, 1982:11; Van Niekerk, 1980:33-34). Ball (1984:13-14) wys daarop dat Maizels in 'n studie bevind het dat Britse skoolverlaters se beroepsaspirasies sterk beïnvloed is deur die persoonlike verhoudings wat hulle met hul ouers handhaaf (vgl. ook DOK(AV), 1990:74). Carter (1972), Ashton en Field (1976) het volgens Ball (1984:14) navorsing gedoen wat dui op die verband tussen die sosio-ekonomiese status van die ouers en die adolescent se arbeidsgesindheid en sy aspirasies. Volgens Ball (1984:14) is daar 'n komplekse verband tussen die sosiale agtergrond en onderwyskundige ervaring van die ouers andersyds en die invloed daarvan op die beroepskeuse van die jeugdige andersyds.

Van Niekerk (1980:34) stel verder dat die vae beroepswense as beroepsbeelde by skooltoetrede na vore kom en dat die kind die skool sien as 'n middel tot 'n doel, sodat as hy "groot" is, hy kan gaan werk. Die skool moet die jeugdige derhalwe oriënteer met betrekking tot sy beroepstoekoms en hom van beroepskennis voorsien sodat die beroepswerklikheid tot die jeugdige kan deurdring (Beukes, 1974:6).

Die gedagte van beroepsbeoefening tree veral in die sekondêre skool na vore en die jeugdige kan deur noukeurige en sistematiese waarneming, asook die bestudering van bepaalde beroepe die eise wat die arbeidswerklikheid stel, ontdek. (Vgl. Liebetrau, 1987(a):1). In dié verband is 'n helder beroepsbeeld 'n vereiste vir outentieke sinvolle kennis van die beroepswerklikheid wat onder andere deur middel van tydelike werkervaring opgedoen kan word en sodoende die beroepsbeeld by die jeugdige versterk (Steyn, 1989:377). Outentieke beroepskennis laat die jeugdige besef dat die beroep en waardes vervleg is. Beukes (1974:28) sê in hierdie verband die volgende: "Gehoorsaming aan waardes in die hede is in hier-

die sin dus 'n antispasie van die beroepstoekoms en terselfdertyd 'n kriterium vir sy verwagtinge wat hy van sy beroepstoekoms koester".

5.4.12 Integrasie van persoonsbeeld - beroepsbeeld

Deur die keuse wat die mens maak, word hy gaandeweg wat hy graag wil wees. Elke mens het die moontlikheid om homself te verwesenlik deur middel van die keuses wat hy voortdurend maak.

Voordat die jeugdige 'n verantwoordbare beroepskeuse kan maak, moet hy beskik oor voldoende selfkennis en beroeps-kennis en dit integreer om die uiteindelijke keuse te kan maak (Van Rensburg, 1983:109). Lamprecht (1989:504-505) en ook Crites (1981:174-175) wys daarop dat kontemporêre beroepsoriënteringsmodelle uit die volgende 3 komponente bestaan, naamlik:

- * Diagnose;
- * Proses; en
- * Uitkoms.

- (1) Diagnose kan óf differensiële diagnose (soeke na die aard van die probleem) óf dinamiese diagnose (waarom die leerling die probleem het) óf besluitnemingsdiagnose (die wyse waarop die leerling besluit te neem) wees.
- (2) Proses bestaan uit 3 fases waar die probleem duidelik deur die leerling omlin moet word om tot (a) doelwitstelling te kom waar daar besluit word hoe die probleem aangepak behoort te word. Dan tree (b) die handelingsfase in waar die doelwitte implementeer en die onderwyservoorligter die leerling help om alle inligting (c) te evalueer en te integreer.

- (3) Uitkoms impliseer dat die leerling besig is om perspektief te ontwikkel wat enersyds self- en beroepskennis as korttermyn doelwit het, en andersyds selfaktualisering as langtermyn doelwit nastreef.

Hierna is die jeugdige gereed om 'n beroepskeuse te kan maak (vgl. ook Beukes, 1974: 56). Die jeugdige het ondersteuning hierin nodig om die ervaring wat hy sowel binne die skool as daarbuite opgedoen het, met behulp van bepaalde vakkennis te interpreteer in terme van die implikasies daarvan op sy bepaalde beroepskeuse.

5.4.13 Loopbaanoriëntering

Loopbaanoriëntering is die belangrikste komponent van die opvoedkundige leidingprogram en moet met groot omsigtigheid hanteer word. Groter toename in onderwys- en opleidingsgeleenthede, beroepsgeleenthede en spesialisasie noodsaak die vestiging van 'n toekomstperspektief by die kind (Lamprecht, 1989:504; Liebetrau, 1987(a): 6-7). Dit is moontlik indien hy gehelp word om sy werksgedrag en sy loopbaanvervulling optimaal te bevorder (Steenhuizen, 1970:41). Volgens Mortenson & Schmuller (1976:460-461), is loopbaanoriëntering 'n sleuteldoelwit vir alle onderwys. Dit behels die volgende:

- (1) Voorbereiding tot suksesvolle beroepsbeoefening.
- (2) Elke klas-/vakonderwyser wys op die bydrae wat elke vak of kursus tot 'n suksesvolle beroepsloopbaan lewer.
- (3) Gebruikmaking van beroepsloopbaangeoriënteerde ervarings om die leerling te motiveer om abstrakte akademiese vakinhoud aan te leer.

- (4) Voorbereiding tot 'n beroep behels kennis van die belangrikheid van 'n arbeidshouding, medemenslike verhoudingsvaardighede, oriëntering tot die aard van 'n permanente beroepsloopbaan, blootstelling aan alternatiewe beroepskeuses en die verkryging van werklike arbeidsvaardighede.
- (5) Loopbaanoriëntering vind nie slegs in die klaskamer plaas nie, maar ook binne die gemeenskap en die werkgewersgroep.
- (6) Loopbaanoriëntering strek vanaf die klein kind-jare deur die skooljare, maar gaan voort ná skool.
- (7) Hoewel die skool nie 'n plasingsfunksie verrig nie, het die skool 'n verpligting teenoor die leerling om te verseker dat die jeugdige by skoolverlating gereed is vir beroepstoetrede en die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan.


5.4.14 Beroepskeuse

Die kies van 'n beroep is een van die belangrikste keuses wat 'n mens in sy lewe maak. Dit is 'n komplekse proses wat beskou kan word as 'n soeke na werksbevreëdiging en vereis dat sekere behoeftes deur arbeid bevreëdig moet word. Beroepskeuse impliseer verder 'n passing tussen die aard van die werk wat verrig moet word en die geaardheid van die mens wat die keuse uitoefen (Engelbrecht, 1988:48; Ball, 1984:19).

Voorbereiding tot beroepskeuse begin reeds terwyl die jong kind begin droom oor bepaalde beroepe. Soos wat hy ouer word, word ander beroepe geïdentifiseer. Die uiteindelige keuse word op ongeveer 17-jarige ouderdom gedoen wanneer die jeugdige in staat daartoe is of behoort te

wees om sy kennis met betrekking tot sy belangstelling, sy vermoë, sy waardes en geleenthede met sy selfkennis te kombineer (Lindhard, 1989:2-3).

**SKEMATIESE VOORSTELLING VAN 'N BEROEPSKEUSE
(VGL. LINDHARD, 1989)**



Dit is reeds duidelik dat die jeugdige selfidentiteit en selfbegrip moet verwerf voordat 'n keuse tussen toepaslike beroepe gemaak kan word.

Na intensiewe verkenning van bepaalde beroepsmoontlikhede word die beroepskeuse gemaak. Hier is dit van belang dat die jeugdige nie in 'n beroep "ingepraat" moet word nie, maar dat hy self tot 'n bepaalde keuse moet kom (Petrick, 1985:58). Volgens Petrick (1985:59) kan konseptualisering van beroepe eers aktualiseer nadat die jeugdige -

- * gekom het tot toereikende kennis van bepaalde beroepe en die gepaardgaande beroepseise;
- * die sin van die beroepslewe in samelewingsverband begryp;

- * bereid is om die verantwoordelikhede wat die beroep stel te aanvaar; en
- * die sin van die voorgeskrewe opleidingskursusse en arbeidsgesindheid begryp.

Super (1957:81-165) se siening dat beroepskeuse 'n lewenslange ontwikkelingsproses is, het baie aandag getrek. Hy verdeel dit in vyf fases naamlik:

- (i) groei (vanaf geboorte tot 14 jaar);
- (ii) eksplorاسie (15 tot 24 jaar);
- (iii) vestiging (25 tot 44 jaar);
- (iv) onderhouding (45 tot 64 jaar); en
- (v) afname/agteruitgang (65jaar +).

'n Kenmerk van die groeifase is die identifikasie met sleutelfigure in die gesin en die skool, asook toeneemende bewustheid van vermoë en belangstellings.

Die eksplorاسie fase word gekenmerk deur toenemende ontdekking van die self in verhouding met werk (vgl. Kelly, 1989:179). Tentatiewe keuses word in die middel tienerjare gemaak ter voorbereiding van die oorgangsfase van die skool na werkstoetrede en professionele opleiding, terwyl die eksperimentele fase (sogenaamde "trial stage") gepaard gaan met aanpassing en verbintenis tot 'n bepaalde beroepsveld (vgl. Kelly, 1989:185).

Die vestigingsfase is waar die persoon gevestig raak in 'n bepaalde beroepsveld. Hierdie fase kan in nog 'n "trial stage" (vanaf 25-30 jaar) en 'n stabiliseringsfase (31-44 jaar) verdeel word.

Tydens die onderhoudingsfase word min nuwe velde in die beroepsontwikkeling betree.

Die afname fase gaan met aftrede gepaard - 'n tyd van uitklaring en opsegging, maar word ook gekenmerk as 'n tydperk waar nuwe rolle beklee en aktiwiteite beoefen word (vgl. ook Ball, 1984:12).

Volgens Lindhard (1989:4-6) kan 'n persoon se lewe nie van sy leefwyse geskei word nie en in dié mate is 'n beroepsloopbaan 'n leefwyse. Die mens se beroepskeuse dui eintlik op die tipe persoon wat hy is.

Die soeke na 'n beroep vereis 'n reeks beslissings wat kulmineer om op 'n beroepskeuse uit te loop. Gesprekvoering moet tussen onderwyservoorligter en die potensiele beroepsbeoefenaar plaasvind (Steenhuizen, 1970:31).

In die uitvoering van 'n beroepskeuse selekteer die jeugdige 'n beroep onder andere uit 'n breë veld of beroepsgroep. Dit is die onderwyservoorligter se taak om die jeugdige te begelei om die nie-tersaaklike illusies te skei van die realiteite (vgl. Super, 1957:3-14). Die onderwyservoorligter moet altyd soek na die antwoord op die vraag "waar sal die jeugdige sy beste en toepaslikste werkverrigtingskaal kan bereik?" Hiersonder is daar geen sprake van 'n verantwoordbare beroepskeuse nie (Van Rensburg, 1983:111-112).

Oppervlakkige beroepskennis en oorhaastige beroepskeuse lei dikwels tot nie-verantwoordbare beroepskeuses. Dit gee weer aanleiding tot die volgende probleme:

- * lae produktiwiteit en produksie;
- * frustrasies vir werkgewer en -nemer;
- * beroepswisseling;
- * tydige en ontydige werksafwesigheid/-staking;
- * arbeidsontevredenheid;
- * verkwisting van tyd en geld;
- * voortdurende her- en indiensopleiding;

- * hoë personeelomset; en
- * verstuurde arbeidsverhoudinge tussen werkgewer en -nemer (Marce, 1984:5 en 9; ook De Bruin (1989)).

Oorhaastige beroepskeuse kan eenvoudig nie bekostig word nie en daarom behoort beroepsleiding so aangebied te word dat elkeen die geleentheid kry om sinvol oor sy toekomstige beroep op grond van self- en beroepskennis te besin te midde van 'n veranderende omgewing. Dit is alleen moontlik binne 'n effektiewe en omvattende relevante loopbaanoriënteringsprogram.

5.4.15 Loopbaanontwerp

'n Beroepsloopbaan is 'n belangrike en integrale deel van die mens se lewe en daarom moet hy verseker dat ander aktiwiteite inpas by sy werk. In die ontwerp van 'n loopbaan moet bepaalde waarde-oriëntasie plaasvind en verdien die volgende persoonlike waarde-bepaling aandag, naamlik:

- * sekuriteitswaardes wat die beroep inhou;
- * geldwaardes/vergoedingspakket;
- * statuswaardes;
- * waardes gekoppel aan verskillende vorme van onafhanklikheid (aktiwiteite, beweeglikheid, kreatiwiteit, ens.);
- * sosiale waardes;
- * estetiese waardes; en
- * etiese waardes.

Naas die waarde-oriëntasie is die persoon se vermoëns ook van belang en verdien dit ook die aandag van die beroepstoetreders in die ontwerp van sy loopbaan. Aspekte hier ter sprake, sluit in -

- * verbale vlotheid;
- * numeriese vermoë;
- * praktiese handvaardigheid en meganiese vermoë;
- * metodologiese/ordelike geneigdheid;
- * kunstigheid of kreatiewe talente;
- * sosialiteit of sosiale bevoegdheid; en
- * fisieke handigheid of vlugheid.

Helaas is die beroepstoetreder se belangstellingsveld van belang, hoewel belangstellings baie meer elasties is as bogenoemde faktore in die mens se loopbaanontwerp (Lindhard, 1989:11-20).

5.4.16 Beroepsbeoefening

As vereiste vir beroepsbeoefening begin arbeid tuis met die verrigting van ligte takies. Dit gaan later oor in leertake op skool en daar word toenemend harder studeer en meer huiswerk, asook harde werk binne en buite beroepsverband gedoen.

Beroepsbeoefening strek verder as om blote geld/inkomste te verdien. Dit behels die aktiwiteite waar die persoon hom as mens kan uitleef (Buck & Barrick, 1989:29), nie net tot eie voordeel nie, maar ook tot voordeel van sy gesin en die breë gemeenskap. So kan werkstevredenheid 'n positiewe bydrae lewer tot 'n harmonieuse bestaan in die komplekse samelewingsverbande (Lamprecht, 1989:503; vlg. ook Lindhard, 1989:10). Dit kan nie anders nie dat beroepskeuse en -toetrede deur sowel psigologiese as sosiologiese determinante beïnvloed word (Hativa, 1989: 15-17).

Ball (1984:19-22) wys daarop dat huislike agtergrond en spesifieke sosiale klas 'n sterk invloed uitoefen op die vlak waarop die beroepskeuse uitgevoer word en dat psigo-

logiese en sosiologiese perspektiewe met betrekking tot beroepsbeoefening en loopbaanontwikkeling dit bevestig.

Beroepsvolwassenheid kan slegs realiseer deur die verwerking van 'n eie persoonlike verantwoordelike taakaanvaarding. Die Christen-gelowige opvoeder het die opgawe om sy persoonlike toekoms en dié van die jeugdige en andere op hom te neem sodat hulle saam na die toekoms uitsien en die mens se lewensin daardeur vervul kan word. Vir die Christen begin elke werksdag as 'n nuwe geleentheid om die lewenspad met toekomsgerigtheid en toekomsverwagting te betree en in sy arbeid daaraan uiting te gee (Swanepoel, 1977:248). (Vgl. ook wat onder par. 5.6.3 bespreek word).

5.5 INVLOED VAN BUIITE-INSTANSIES OP DIE SKOOL SE BEROEPSLEIDING-PROGRAM

'n Bepaalde staat se ekonomiese klimaat word deur ander lande se ekonomiese besluite geraak - let maar op die invloed van die wêreld se sanksiebeleid jeens die RSA. Dit noodsaak dat die onderwys moet besin oor die kennis, vaardighede en besluitnemingsvaardighede wat aan die kind gebied moet word om in die beroepswêreld staande te kan bly (Roberts & Dolan, 1989:26-27).

Statistieke met betrekking tot werkseleenthede toon in die meeste nywerheidslande dat daar 'n toenemende vraag na hoogsgeeskoolde tegniese personeel is. Ironies genoeg vereis die toepassing van hoëvlaktegnologie in die werksituasie 'n vraag na algemene praktisyns. Sprague & Bies (1988:18) sê in hierdie verband "the repeated call for generalists from business and industrial community implies several inherent criticisms of how education meets the needs of employers". Volgens Sprague & Bies (1988:18-19) kan die onderwys nie op die hoogte van tegnologiese inligting bly en ook nie die nodige aanpassings doen teen die tempo waarteen tegnologiese

se ontdekkings gemaak word nie, omdat die hoë koste verbonde aan die vervaardiging en verwerking van toerusting te hoog is. Die tekort aan hoëvlak tegniese mannekrag is deels te wyte aan 'n tekort aan tegniese opleidingsprogramme. Sprague & Bies (1988:19) sê in hierdie verband: "To maintain employment in a technical discipline, new industrial workers must be able to participate in technical training programs throughout their career" (Vgl. ook Beukes, 1985: 8-9 in hierdie verband).

Culley (1988:80) wys daarop dat beroepsliteratuur dikwels spesifiek beroepe in die rekenaâr-wêreld voorstel op 'n geslagsrolbasis waar foto's en tekeninge groter indruk op die leser(es) maak as die inhoud van die pamflette en dat bepaalde persepsies die jeugdige lei tot bepaalde keuses. Met die uitsondering van ingenieurs en natuurwetenskaplikes het ouers se beroepe 'n beduidende effek op die jeugdige se beroepskeuse (Kelley, 1989:196-197). Die media en televisie speel 'n rol by die beroepskeuses in natuurbewaring, terwyl sendingkampe by 'n kleiner persentasie die godsdiens-beroepe stimuleer (Beukes, 1985:23).

5.6 ENKELE VEREISTES TEN OPSIGTE VAN 'N EFFEKTIEWE BEROEPSLEIDINGPROGRAM

Die wêreld-ekonomie beïnvloed in der waarheid ook die tegnologie-georiënteerdheid van die skool se beroepsleidingprogram. In hierdie verband wys Sprague & Bies (1988:17-18) daarop dat onder meer ook weë gesoek moet word om werkloosheid teen te werk en tegelykertyd hooggeskoolde tegniese beroepslui beskikbaar te stel.

5.6.1 Relevansie

In 'n tydperk van vele krisisse is politieke en ekonomiese veranderinge; 'n tekort aan energie; oordraagbare endemiese siektes soos VIGS; tekorte aan grondstowwe en

mannekrag - asook oorbevolking maar enkele sake wat ook binne die beroepsleidingprogram die nodige aandag sal moet kry. In die kontemporêre tydsgewrig behoort die onderwyservoorligter sy kennis en kundigheid te verbreed ten einde die jeugdige met relevante en outentieke data oor werks- en opleidingsgeleenthede te voorsien (Berkhout, 1983:119-120). Mortenson & Schmuller (1976: 455) wys daarop dat daar skoolvoorligters in die VSA is wat nie die nodige belangstelling toon om op die hoogte te bly van plaaslike werksgeleenthede binne die gemeenskap waarin hulle skool geleë is nie. Dit spreek vanself dat die onderwyservoorligter as kundige op die hoogte behoort te wees van werksgeleenthede binne minstens die streek of area waarbinne die skool geleë is.

5.6.2 Uitruil van kennis en inligting

Van die skool se beroepsleidingprogram word verwag om die jeugdige met vaardighede toe te rus om 'n gangbare produktiewe arbeidslewe te lei en persoonlike vervulling te beleef. Om hieraan te kan voldoen, behoort daar deur die beroepsleidingprogram 'n aaneenlopende inligtingsvloei van die arbeidsmark in die gemeenskap tot die skool se beskikking gestel te word. Deur die beroepsleidingprogram moet die totale poging van sowel die onderwys as die gemeenskap help om elke individuele leerling te lei dat hy bekend is met die waardes wat in 'n werk-georiënteerde gemeenskap geld; dat hy voorts hierdie waardes op so 'n wyse internaliseer dat arbeid moontlik, sinvol en bevredigend sal wees vir elke individu.

5.6.3 Toekomstigheid en toekomsgerigtheid

In die RSA bestaan 'n kritieke gebrek aan werksgeleenthede as gevolg van die snelgroeiende bevolking en 'n gebrek aan geskoolde mannekrag. Daar is 'n groeiende behoefte aan ingenieurs, wetenskaplikes en tegnisi, ter-

wyl die vraag na ongeskoolde werkers afneem en landwyd ekonomiese probleme skep. Beroepe wat 'n paar dekades beoefen is, het, of is besig om te verdwyn, terwyl nuwe gespesialiseerde beroepsvelde geopen word deur tegnologiese ontwikkeling. Voorts kan dit daartoe bydra dat 'n persoon wat vandag 'n beroep kies, geen sekerheid het dat die beroep 20 tot 25 jaar later nog sal bestaan nie.

Die onderwyservoorligter sal in sy beroepsleidingspraktyk nie net deeglik op die hoogte moet wees met betrekking tot tendense in die arbeidsmark nie (Alberts, 1990:9; Minkoff, 1987:54), maar ook die jeugdige moet voorberei om moontlike omwentelinge in sy/haar beroep of beroepsrigting te kan antisipeer en te kan hanteer (vgl. Lamprecht, 1989:506). In aansluiting hierby het Roberts & Dolan (1989:26-27) in 'n ondersoek met primêre skoolleerlinge, gevind dat wanneer hulle aan die veranderende wêreld van werksgleenthede binne hul gemeenskap blootgestel word, dit groter begrip vir moontlike toekomstige veranderinge by die kind tuisbring. Alberts (1990:9) stel dit dat 'n klimaat van tegnologiese bewustheid dringend geskep moet word.

Die Christen-gelowige volwassene glo dat hy slegs in gehoorsaamheid aan God se Wet kan lewe en werk tot die eer van God. Die persoonlike opgawe lê vir die Christen opgesluit in sy menswaardigheid en die beoefening van medemenslikheid. Elke mens het unieke moontlikhede en gawes ontvang. Die Goddelike opdrag om die godgegewe talente en vermoëns te laat realiseer, bring mee dat 'n bepaalde beroep onder andere gekies moet word ooreenkomstig die godgegewe moontlikhede. Die Christen opvoeder, spesifiek die onderwyservoorligter, moet daarom die kind opvoed om sy moontlikhede te begryp, dit te versterk en deur sinvolle arbeid en persoonlike inspanning dit te verwesenlik. Elke mens is vanweë sy moontlikhede ook begrens tot bepaalde vlakke en vakgebiede van beroepsbe-

oefening (Swanepoel, 1977:243). Hierdie vermoënsptensiaal kom in sy prestasies tot uiting (Kruger, 1977:160) en hy moet in ooreenstemming met sy talente, vermoëns en gawes kies om deur sy bekwaamwording en opvoeding 'n besondere beroep te beoefen tot diens van sy medemens en tot eer van sy Skepper. Deur getroue pligsvervulling as deel van sy Christelike waardes kan die mens aansien verwerf in sy beroepsbeoefening (Swanepoel, 1977: 244-246); vgl ook Van der Walt, 1979:2). Voorts is Swanepoel (1977:247) oortuig dat die kind wat sterk toekomsgerig is, se hele lewe bepaal en bestuur word met die oog op 'n besondere ingesteldheid tot Christelike beroepsbeoefening.

5.7 DIE KURRIKULUM AS BRON VAN KENNIS EN MEDIUM TER BEREIKING VAN DIE OPVOEDINGSDOEL MET 'N LOOPBAANORIËNTERINGSPROGRAM

Die kurrikulum as komponent moet nie net die jeugdige se kennis met betrekking tot beskikbare geleenthede vermeerder nie, maar hom ook help om sy vermoë, belangstellings en waardes te begryp en besluitnemingsvaardighede te ontwikkel (Ball, 1984:25; Ohlson, 1981:484). Die kurrikulum moet die volgende doelwitte voortdurend in die oog hou, naamlik:

- * ontwikkeling van die jeugdige se selfbewussyn;
- * vermeerder die bewustheid van beroepsgeleenthede;
- * die inoefening en aktualisering van beroepsbesluitnemingsvaardighede en voorbereiding tot beroepstoetredes; en
- * leeroorgang aanmoedig (Ball, 1984:25).

Volgens Ball (1984:42-44) moet die doelstellings van 'n geïntegreerde loopbaanoriënteringsprogram verder strek as die blote soeke na 'n beroep en indiensneming. Dit

behels 'n proses van oorsig oor, en aanpassing by die behoeftes van die onderskeie groepe om beroepsbesluite te maak, goeie werksverhoudinge te stig, suksesvolle beroepsonderhoude te voer en 'n suksesvolle beroepsloopbaan te volg.

Volgens die Waltersverslag (DOK(AV), 1990:46-47) is werkservaring 'n noodsaaklikheid vir beroeps- en voorberoeopsonderwys waar die kind kan leer watter gesindhede in die werkplek vereis word.

Die kurrikulum moet relevant wees, soos blyk uit die TVEI in Engeland, die Arbeitslehre in Duitsland en die Folkskolen in Denemarke waar vaardighede soos kommunikasie, redeneervermoë en probleemoplossing ontwikkel word binne die sfeer van algemene opvoeding. Die kurrikulum spruit verder voort uit die kultuur van 'n bepaalde samelewing (KOD, 1990:1).

Die KOD (1990:3) stel dit dat die skoolkurrikulum en daarom ook die loopbaanoriënteringskurrikulum, slegs 'n gedeelte van die kind se totale opvoedkundige ervarings uitmaak. Aktiwiteite binne die gemeenskap en die ouerhuis lewer ook 'n bydrae wat by die kurrikulering van 'n loopbaanoriënteringsprogram in gedagte gehou moet word. So wys Mostert (1985:44) daarop dat die kurrikulum, naas die inhoud ook die -

- * behoeftes van die individu;
- * samelewingseise; en
- * ontwikkelende leerinhoud

in gedagte moet hou tydens die samestelling van die kurrikulum. In die beplanning van 'n bepaalde loopbaanoriënteringsprogram ter bereiking van die daargestelde doelstellings, soos onder andere beroepsvolwassenheid, moet daar besin word oor die voorsiening van bepaalde

opvoedkundige ervarings waardeur leer kan plaasvind en die geponeerde doelstellings bereik kan word. (Tyler, 1983:163; ook Steyn, 1988: 27-28). So bied die kurrikulum geselekteerde en geordende onderrighoude wat 'n onderrigprogram vir beroepsleiding daarstel waarin die samehang tussen die situasie-analise, doelstellings, beplande leerervaring en aktualiseringsgeleenthede na vore tree (Krüger, 1980:19). Volgens NASOP Verslag 02-124 (1987:9-11) bied die skool binne die skoolkurrikulum nie net 'n aangename en veilige omgewing aan die individuele leerling nie, maar die leerling se behoeftes word aangespreek en hy moet aktief betrokke wees. Die Loopbaanoriënteringsprogram moet streef na enkele bepaalde onderwysdoelstellings, te wete -

- * uitbouing van die kind se kennis, konsepte, vaardighede en houdings in sy ervaringswêreld;
- * die progressiewe begeleiding van die kind vanuit die meer kind-gerigte onderwysbenadering in die sekondêre fase na die enger beroeps- en loopbaangeoriënteerde onderwysbenadering in die naskoolse en tersiêre onderwys;
- * die progressiewe verwerwing en uitbouing van die kind se basiese vaardighede en tegnieke;
- * die ontwikkeling van die kind se vermoë om uitdagings op 'n sinvolle logiese wyse te aanvaar en kreatief uit te voer;
- * die kweek van positiewe gesindhede by die kind ten opsigte van arbeid, ontspanning en sy medemens; en
- * die bevordering van die kind se vermoë tot selfstandige leer en studie.

* Volgens Cunho et al. (1976:8- 13) behoort die basiese kurrikulum vir loopbaanoriëntering uit die volgende basiese komponente te bestaan:

- ** loopbaanbeplanning en besluitnemings;
- ** onderrig/onderwysing, werk- en ontspanningsalternatiewe; asook
- ** lewenswyse en persoonlike tevredenheid.

Dit behoort terselfdertyd rekening te hou met die jeugdiges se ontwikkelingsgang.

5.8 ENKELE VEREISTES GESTEL AAN DIE KURRIKULUM

Tyler (1983:165) wys daarop dat samehang, opeenvolging en integrasie belangrike kriteria is ten einde die verwagte leerervarings binne die kurrikulum te akkommodeer. DOK(AV) (s.a.) stel die volgende vereistes aan kurrikulumevaluering, naamlik:

- * geldigheid en sinvolheid;
- * balans en diepte;
- * relevansie;
- * differensiasie; en
- * progressie en kontinuïteit.

5.8.1 Geldigheid en sinvolheid

In die kurrikulum vir 'n loopbaanoriënteringsprogram moet voorsiening gemaak word vir geldigheid en sinvolheid (DOK(AV), s.a.:1) deur:

- * sistematiese strukturering van vakinhoudes volgens die eise van die "vak" Loopbaanoriëntering;

- * interessante en tersaaklike vakinhoudes met inagneming van die kind se behoeftes en sy belangstellingsterrein;
- * uitvloeisel en die voorkoming van anomalieë binne die onderrigprogram; en
- * die voorsiening van bepaalde "leerwyses" wat die "vak" Loopbaanoriëntering kenmerk.

5.8.2 Balans en diepte

Die kurrikulum moet voorsiening maak vir balans en diepte (DOK(AV), s.a.:1) deur:

- * kennis van noodwendige beroepsleidingkomponente, temas en konsepte in te sluit;
- * die hoeveelheid onderrigtyd beskikbaar, in ag te neem;
- * die leerder se persepsievermoë in te skerp;
- * ewewigtigheid tussen die onderskeie beroepsleidingskomponente te verseker; asook
- * ewewigtigheid tussen die omvang en moeilikheidsgraad van die leerstof moontlik te maak.

5.8.3 Relevansie

Die kurrikulum moet voorsiening maak vir die relevansie met betrekking tot die skep van 'n onderbou vir toekomstige beroepe en 'n beroepsloopbaan (DOK(AV), s.a.:1). Tyler (1983:165) huldig die mening dat samehang, opeenvolging en integrasie van leerinhoudes in die kurrikulum op die leerder gerig moet wees. "Continuity involves the emphasis on the learner's experience upon these par-

ticular elements, sequence refers to the increasing breadth and depth of the learner's development and integration refers to the learner's increased unity of behaviour in relating to the elements involved". Dit is van belang dat die reaksies wat deur die kurrikulum in die vooruitsig gestel word, binne bereik van die betrokke leerder moet wees (Krüger, 1980:55; Tyler, 1983:164).

Dit is noodsaaklik om te bepaal of die huidige skoolkurrikulum en spesifiek die beroepsleidingprogram van die TOD nog relevant is in 'n snel veranderende beroepswêreld. Whitfield (1980:31) wys daarop dat die formele kurrikulum veels te stadig op die veranderende beroepswêreld reageer. De Jager (1990:33-37) betwyfel die feit dat die tradisionele Westerse onderwys (waarvan die sogenaamde "Blanke onderwys" van die Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad 'n voorbeeld is), nog ten volle relevant is. De Jager (1990:36) wys verder daarop dat die nywerheid hoë waarde aan gediplomeerde en gegradueerde werknemers heg omdat die kwalifikasie die onderskeid tref tussen die meer of minder opgeleide, beter of swakker gemotiveerde werker, óf die werker met die meerdere of mindere sosiale ervaring en nie soseer 'n bepaalde beroepsvolwassenheid of tegniese vaardigheid verseker nie. As gevolg hiervan stel Badenhorst (1990: 37), dit dat die onderwys koste-ondoeltreffend en die kennis in 'n groot mate irrelevant geraak het.

Sou 'n mens die uitwerking van die al groter wordende werkloosheidsyfer en die gepaardgaande ekonomiese resessietoestande in baie dele van die wêreld en in die RSA in gedagte hou, wil dit voorkom asof 'n radikale kurrikulêre verandering ten opsigte van relevante onderwys in die RSA noodsaaklik geword het (Sprague & Bies, 1988:17-18; Badenhorst, 1990:37-38). Die tegnologiese vooruitgang dwing

die onderwyservoorligter om intensief aandag aan sy leerlinge te gee (Erasmus, 1989:57). Die skool as vervlegtingstruktuur van die gemeenskap, moet tred hou met die ontwikkeling en veranderinge ten opsigte van die tegnologie en die wetenskap (Sprague & Bies, 1988:18).

5.8.4 Differensiasie

Volgens DOK(AV) (s.a.:2) maak differensiasie in die kurrikulum onder meer voorsiening vir:

- * individuele leerlingverskille;
- * outentieke kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese individuele vermoëns;
- * bepaalde belangstellingsvelde; en
- * onderskeie beroepsloopbane.

Benewens stereotiepe klassikale onderwys binne die beroepsleidingklas, behoort aspekte, soos entrepreneurskaps-olimpiades, werkwaarneming en tydelike werkervaring op 'n innoverende basis die multi-dissiplinêre samehang van die vakkurrikula aan te wend as skakel tussen die formele en die nie-formele onderwys. Dit behoort kompenserend van aard te wees om tot 'n multi-dissiplinêre samehang by te dra (De Jager, 1990:36-38).

5.8.5 Progressie en kontinuïteit

Volgens DOK(AV) (s.a.:2) behels progressie en kontinuïteit onder meer die volgende:

- * voorafgaande en opeenvolgende dele van die kurrikulum moet in ag geneem word;
- * progressiewe toename in die moeilikheidsgraad van die programinhoud moet voorsien word;

- * integrasie van inhoud en leerstofeenhede moet plaasvind;
- * die kind se ontwikkelingsvlak, sy voorkennis en sy agtergrond moet in ag geneem word;
- * voorsiening moet gemaak word vir die verenigbaarheid van die fisiese, intellektuele en emosionele ontwikkeling van die leerling;
- * metodologiese progressie moet voorsien word byvoorbeeld:
 - ** van die bekende na die onbekende;
 - ** van die konkrete na die abstrakte;
 - ** van die algemene (globale) na die besondere; en
 - ** van die maklike na die moeilike.

5.8.6 Opvoedkundige verantwoordbaarheid

Al die keuses wat die leerling met betrekking tot sy beroepsloopbaan maak, kulmineer uiteindelik in 'n beroepskeuse. Die onderwyservoorligter moet die jeugdige lei om arbeid as 'n lewensverplichting te aanvaar. (Petrick, 1985:61). Oor die opvoedkundig verantwoordbaarheid en effektiewe beheer oor die kurrikulum, kan alleen uitspraak gelewer word indien die onderwyservoorligter weet wat hy van so 'n kurrikulum vereis (Mostert, 1985:116-126). Dit hang nou saam met aspekte wat onder par 5.8.1 tot 5.8.5 hierbo genoem is. Om hierdie rede moet inhoude uit die leefwêreld van die kind gekies word en behoort die onderrigssituasie op 'n gereduseerde wyse vir die leerling ontsluit te word (Krüger, 1980:52; Badenhorst, 1990:37-38).

5.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om die vereistes waaraan 'n opvoedkundig verantwoordbare beroepsleidingprogram behoort te voldoen, te beskryf. Omdat die beroepsleidingsituasie 'n opvoedingsituasie is, was dit nodig dat kennis geneem word van die jeugdige binne hierdie situasie. Daar is enkele gedagtes met betrekking tot die persoonspotensialiteite waaroor die jeugdige behoort te beskik, aangespreek. Enkele komponente en die invloed van buite-instansies op die beroepsleidingprogram van die skool is ook toegelig. Laastens is die aandag kortliks gevestig op die kurrikulum as bron van kennis en medium ter bereiking van die opvoedingsdoel.

In hoofstuk 6 word die navorsingsmetode beskryf. In hoofstukke 7 en 8 word aandag aan die empiriese gedeelte van hierdie ondersoek gewy.